Oosterwa - Klipdraai

Inhoudsopgawe

- Uit die Woord
- Gedig
- Resepte
- Verjaarsdae
- My Storie

OOSTERWA
Agtste Uitgawe

Kersboom
30 Nov. – 2 Des. 2018

UIT DIE WOORD: Fil. 4:4-7
Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly! Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby. Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met dankbetuiging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan sal oor julle harte en begeertes die wag hou in Jesus Christus.

GEDIG: (Tony Ridgway)
Oom Paul se Nuwe Jaar

Die duiwe k#k nog altyd op Oom Paul se kop
Die wino,s kies nog altyd meths oor goedkoop dop
Proklamasieheuwel glim in die intens Noord se son
Die ou Seer Duim ril
Op Meintjies se Top
En ek hoor ‘n dun stem fluister: pasop.
Dis ‘n nuwe jaar
Ek is deurmekaar
Dis ‘n nuwe jaar
Die Groot Gebou se glorie dans nog deur die vure
Terwyl haar groot groen tuine wemel met die miere
Die guano is meedoënloos
Soos ‘n somer acid rain
Kenny Rogers verloor sy features
Miskien een dag verdwyn
En ek hoor ‘n dik stem fluister: ek pyn.
Dis ‘n nuwe jaar
Ons is bymekaar
Dis ‘n nuwe jaar
Die ongenadige son en sy droogte
Verseng inVoortrekkerhoogte
Ek stap uit die SAWI met my mieliemeel
En sien my nuwe bicycle’s gesteel
Dis ‘n nuwe jaar
Ek is in die war
Dis ‘n nuwe jaar

FOOD FOOD

Vinnige Kaaskoek.

1 Liter Jogurt van jou keuse.
(Ek gebruik dubbel dik volroom)
1 Blikkie Kondensmelk
Tennis Koekies

Krummel die koekies onder in ‘n bak wat ook in die mikrogolf sal werk.
(Kan ook koekie kors maak met fyn koekies en gesmelte botter, wat dan eers in die yskas moet koud word.)
Meng die jogurt en kondensmelk. Ek gooi so bietjie suurlemoensap by, so na smaak.
Gooi die mengsel oor die koekies of kors. Sit in die mikrogolf oond vir 5 minute op hoog. Haal uit laat effens afkoel en plaas in yskas om koud te word en te stol.
(Ek het hom meer as een keer al gemaak en dit het nie geflop nie)

VERJAARSDAE

Desember 2018

7 – Nico Swanepoel
15 – Willie Mentz
23 – Alet van der Walt

Januarie 2019

5 - Kittie Dreyer
12 – Jaco Coetser
29 – Johan van Dyk

MY STORIE

Woorde kan nie regtig beskryf wat se aangename kerskamp ons beleef het nie. Ons het die hele naweek as ‘n groep alles saam gedoen. O.a. om te kuier, kos te maak en tee eet en net gesellige saam te verkeer.

Vrydag aand het Rene vir ons “bunny chows” gemaak. Mense sommer daar in die veld eet ons soos konings. Later het ons by kerslig, kersliedere gesing. Ons was maar traag om bed toe te gaan.

Omdat dit so warm was het ons omtrent die hele naweek in die middel van die waens wat in ‘n laer getrek was, onder “gazebo’s” gekuier.
As een sy ontbyt pan bring is almal by met hul panne en daar word ontbyt gemaak.
Die klein en groot kinders het hulself besig gehou met die springkasteel en die water glybaan. Kersvader het ook sy draai kom maak om die kinders se geskenkies uit te deel.
Die manne het ingespring om die vleis op die spit te kry, en later het die aartappels en uitjies ook hul beurt gekry.

Daar is tafel gedek en slaai en bykosse is aangedra. Soos gewoonlik het almal heerlik geëet.
Na ete het die grootmense hul geskenkies geskies, maar dit is so onder mekaar oor en weer uitgeruil, dat mens nie meer kon byhou wie het nou eintlik wie se pakkie gekry nie.
Sonag oggend het ons aan Terence se lippe gehang om na sy mooi boodskap wat hy oorgedra het te luister. Ons wil almal bedank wat dit moontlik gemaak het dat dit so uitsonderlik lekker kamp was.
Hoop en vertrou dat almal ‘n wonderlike en geseende Christusfees ervaar het.
Namens die bestuur van Oos-Rand wens ons almal ‘n voorspoedige Nuwe jaar toe.